



Chapter 6 – Appendix IV - Bernice - Learning Task 1 & 2



APPENDIX IV: Chapter 6

6.4. Bernice – Learning task 1 – Human Skeleton

6.4.1. A. Step 3: Planning Action -

6.4.1.1. *Learning task design (See Appendix for a copy of the learning task designed).*

6.4.2.2. A. *Learning task assessment*

Learning task 2 – Human Circulatory System

[Not in]

6.4.1. B. Step 3: Planning Action -

6.4.1.1. B. *Learning task design (See Appendix for a copy of the learning task designed).*

6.4.2.2. B. *Learning task assessment*

Concept map



Leertaak ontwerp deur ~~B&L~~ vir uitvoering tydens die tweede kwartaal van Hoërskool ~~Grade 10~~ Biologie: Skelet van die mens.

Leerarea/dissepliene/vak: Lewenswetenskap: Biologie

Vlak of fase: VOO: Gr 10

Leeruitkomste en asseserings standaarde:

Soos uiteengesit in die "National Curriculum Statement Grades 10-12" vir levenswetenskappe.

Leeruitkomste	Asseserings standaarde
Scientific inquiry and problem-solving skills	<ol style="list-style-type: none">1. The learner identifies and questions phenomena and plans an investigation.2. The learner conducts an investigation by collecting and manipulating data.3. The learner analyses, synthesises and evaluates data and communicates findings.
Construction and application of life sciences knowledge	<ol style="list-style-type: none">1. The learner accesses knowledge2. The learner interprets and makes meaning of knowledge in life sciences3. The learner shows understanding of how life sciences knowledge is applied in everyday life.
Life sciences, technology, environment and society	<ol style="list-style-type: none">1. The learner explores and evaluates the scientific ideas of past and present cultures2. The learner compares and evaluates the uses and development of resources and products and their impact on the environment and society.3. The learner compares the influence of different beliefs, attitudes and values on scientific knowledge.



Probleem gestel aan leerders:

Agter in die klas is daar vir elke koöperatiewe leergroep 'n skets van die menslike skelet. Die skets mag vir julle vreemd lyk, omdat daar veranderings aangebring is deur 'n Ortoopeet.

Jul taak as groep gaan wees om te bepaal of hierdie verandering tot voor- of nadeel van die mens sal wees, en wat die implikasie van hierdie verandering is.

Alle nodige inligting is op die uitdeelstuk.

Tyd toegeken:

Die leertaak word oor die bestek van vyf weke aangebied. Dit begin 19 April 2004, en eindig 21 Mei 2004, wanneer die verslae ingedien word.

Tydens klasperiodes word aanbiedings gedoen deur die betrokke groep en daarna word tyd gelaat vir vrae vanaf mede klasmaats. Gedurende die daaropvolgende periode word 'n toetsie geskryf.

Wanneer daar 'n dubbel periode is word twee groepe toegelaat om hul aanbiedings te doen, en die toetsies word in die daaropvolgende dae wel ingehaal, sodat daar tyd is waarin die leerders op hul eie, huis deur die werk kan gaan.

Leertaak voorbereiding:

Ter voorbereiding van die uitvoer van die leertaak moet die klas verdeel word in koöperatiewe leergroepe (indien daar nie reeds groepe bestaan nie). Dit word gedoen deur die groepe saam te stel in terme van prestasie, geslag, kultuur, en heel laaste, deur vriendekringe te skei.

In elk van hierdie katagorië word gepoog om so 'n groot verscheidenheid as moontlik in een groep te plaas (heterogene groepe). Neem die vorige termynpunt wanneer daar na prestasie gekyk word.

Die klas word verdeel in min of meer agt groepe van vier elk, waar moontlik. Hierdie syfers mag verskil, afhangende van die grootte van die klas. Daar sal egter agt sketse beskikbaar wees. Indien daar minder groepe is kan die oortollige sketse aan van die sterker groepe gegee word. Gebruik eie diskresie in die verband.

Laastens moet daar tyd gelaat word waarin die groeplede mekaar kan leer ken. Gebruik die res van die periode, waartydens groepindeling plaasgevind het, hiervoor.

Terwyl die leerders onder mekaar gesels, gee u aan hul die opdrag om 'n verteenwoordiger aan te wys. Hierdie verteenwoordiger trek dan uit 'n hoed



die deel van die skelet wat hulle sal bestudeer. Op dié manier het alle groepe 'n gelyke voordeel wat betref die dele van die skelet wat behandel gaan word.

Klasorganisasie:

Leerders sit op hulle gewone plekke voor in die laboratorium, totdat hulle begin werk in hul leergroepe.

Wanneer hulle individuele werk verrig, word vereis dat hulle weer op hul normale sitplekke kom sit. Tydens hierdie sessie word geen kommunikasie toegelaat nie!

Die sketse wat deur die leergroepe bekyk gaan word, word agter in die laboratorium op die banke uitgesit. Merk duidelik watter groep waar moet gaan sit hiervoor.

Ware leeromstandighede:

Aangesien dit 'n ware lewensprobleem is, bly die leerders hulself, en bly die fasiliteerde ook hom-/haarself. Daar is dus geen rolspel nie, en die oplossing van die probleem is tot voordeel van die leerders self.

Bronne:

- Sketse soos voorsien
- Bronne van enige aard wat in die klaskamer self is, of deur die leerders verskaf word, word toegelaat.

Finale resultate van leertaak:

Wat word verwag van elke leerder?

- Die finale produk uitkoms: Sien aangeheg
- Proses gevvolg om die probleem op te los, in die vorm van 'n geskrewe verslag, individueel ingedien vir assesering: Sien aangeheg vir voorbeeld
- Kennis bekom: Volledige kennis van die hele afdeling oor die skelet soos uiteengesit in die "Ken en Verstaan" vir Gr 10, Hoofstuk 9: Anatomie en Fisiologie van die Mens - Steun en Voortbeweging. Die volgende basiese konsepte word aangeraak, en word van leerders verwag om ten volle te verstaan en daarop te kan uitbrei:

Die skelet verdeel in die Assskelet en die Aanhangskelet. Die Assskelet bestaan uit die skedel, werwelkolom, sternum en ribbe. Die Aanhangskelet bestaan uit die skouer-en bekkgordel, en die boonste-en onderste ledemate.



Metodes van assesering:

- Leerders van elke groep stel 'n tien-punt toetsie op vir hul medeklasmaats (10)
- Weeklikse klastoets, soos vasgestel deur die huidige sisteem
- Uitkomste bereik as probleem opgelos is
- Assesering van verslag soos ingedien deur elke leerder. Dit geskied volgens 'n rubriek soos hierby aangeheg.

Neem kennis: verwys asb vir duidelikheid na "Spesifikasies".



Instuksies, Spesifikasies en Vereistes

Die probleem soos in die klas gestel:

Agter in die klas is daar vir elke koöperatiewe leergroep 'n skets van die menslike skelet. Die skets mag vir julle vreemd lyk, omdat daar veranderings aangebring is deur 'n Ortoopeet.

Jul taak as groep gaan wees om te bepaal of hierdie verandering tot voor- of nadeel van die mens sal wees, en wat die implikasie van hierdie verandering is.

Spring aan die werk!

Verdere instruksies

- Gedurende periode een word daar van elke leerder verwag om individueel aan 'n plan van aksie te werk oor hoe jy beoog om die probleem op te los. Dus gaan elkeen nadat jy die skets beskou het weer terug na jou plek en begin dan op jou eie werk aan 'n moontlike oplossing vir die probleem. Daar sal vir elkeen 'n skets beskikbaar wees om op jou eie na te kyk.
- Onthou: Hiervoor kry jy een periode kans
- Vanaf die volgende periode werk almal in hulle groepe saam aan die oplossing van die probleem. Onthou die volgende:
 1. Elke groep gaan 'n aanbieding kom doen voor in die klas sodra hulle gereed is met hulle uiteindelike bevindinge.
 2. Daar word van elke lid in die groep verwag om 'n spreekbeurt te kry.
 3. Daar moet 'n groot skets van julle deel van die skelet wees, met volledige byskrifte van al die dele wat daarop voorkom, sodat die res van die klas goed kan volg. Julle kan transpirante ook gebruik.
 4. Julle aanbieding mag met behulp van enige medium geskied, mits daar voor die tyd met my die nodige reëlings getref word.
 5. Daar sal gelet word op julle gebruik van wetenskaplike feite, asook op die gebruik van die korrekte biologiese terme.
 6. Onthou om na die verandering te kyk in terme van die implikasie wat dit op die hele liggaam sal hê, en nie net op 'n klein deeltjie daarvan nie.
 7. Daar word net die absolute beste van elke groep verwag, en die fasiliteerder het die reg om op 'n verbeterde weergawe aan te dring.
 8. Aan die einde van 'n aanbieding kom die groepe bymekaar en skryf kommentaar neer oor die groep wat aangebied het.
 9. Stel 'n toets op.
 10. Dien 'n verslag in vir assessering.



Spesifikasies vir die toets aan mede-klasmaats

- Die toets tel uit 10
- Die vrae mag enige hoeveelheid tel
- Vrae mag slegs handel oor werk wat deur julle in die klas aangebied is, en mag geen "onmoontlike" vrae bevat wat julle in ander bronne raakgeloop het nie
- Alle toetse word deur my gemodereer die dag voor julle aanbieding. Dit is elke groep se verantwoordelikheid om die toetse asook die memorandum betyds aan my te besorg. Geen toets word sonder 'n memorandum aanvaar nie.
- Toetse oor 'n betrokke deel van die werk word geskryf in die direk daaropvolgende periode, en deur die betrokke groep nagesien.

Hoe word die toets gemerk?

Die toetse word geskryf aan die begin van 'n periode. Sodra almal klaar is, word die toetse opgeneem deur die groeplede wat die aanbieding behartig het, en weer uitgedeel in 'n geskommelde volgorde. Niemand mag dus sy eie toets merk nie!

Hierna hanteer die groep wat hul aanbieding gedoen het die merk van die toetse. Hulle moet die memorandum voorhou, vrae hanteer en ook verduidelik as iets onduidelik sou wees.

Riglyne wanneer die res van die groepe die aanbiedingsgroep evalueer:

1. Het hulle die nodige gedetaileerde inligting verskaf?
2. Is daar aan al die vereistes soos in hierdie dokument uiteengesit voldoen?
3. Het hulle hard genoeg gepraat?
4. Was hulle aanbieding leersaam?
5. Was die aanbieding kreatief en interessant?
6. Was alles verstaanbaar en kon hulle vrae beantwoord?

Hierdie punt uit ses sal deel uitmaak van elke leerder van die betrokke groep se finale punt vir die leertaak.

Spesifikasies vir die verslag

- Jou verslag word ingedien op 21 Mei 2004 tydens klastyd. Geen laat verlae word hoegenaamd aanvaar nie
- Jou verslag word individueel ingedien, geen saamwerk word toegelaat nie
- Die verslag word geasseseer mbv die aangehegde rubriek
- Jou verslag moet die volgende bevat:
 1. Jou naam, van en groep



2. 'n Volledige beskrywing van die proses wat jy gevolg het om die probleem op te los.
3. Die uiteindelike gevolgtrekking, in detail beskryf, waartoe jou groep gekom het. Hierby ingesluit is al die toetsies wat jy geskryf het, heg dit aan jou verslag.
4. Al jou toetse wat jy oor die ander se aanbiedings geskryf het
5. 'n Bronnelys

Geniet dit !!



**Rubriek vir assessering van die finale verslag:
Skelet van die mens**

Opdrag ten volle uitgevoer:	Opdrag voldoende uitgevoer:
Die volgende is alles volledig en teenwoordig: <ul style="list-style-type: none">• Portefeuilje leêr of plastiese sakkie• Klein toetsies uit 10• Probleemoplossingsproses• Gevolgtrekking, toesprake of enige ekstra inligting• Toets en Memorandum wat aan die res van die klas gegee is• Eie werk• Betyds ingehandig	SLEGS een van die volgende is afwesig of onvoldoende: <ul style="list-style-type: none">• Portefeuilje leêr of plastiese sakkie• Klein toetsies uit 10• Probleemoplossingsproses• Gevolgtrekking, toesprake of enige ekstra inligting• Toets en Memorandum wat aan die res van die klas gegee is• Eie werk• Betyds ingehandig
Verdien 4/4	Verdien 3/4
Opdrag onvoldoende uitgevoer: <ol style="list-style-type: none">1. Twee of meer van die volgende is afwesig, of onvoldoende:<ul style="list-style-type: none">• Portefeuilje leêr of plastiese sakkie• Klein toetsies uit 10• Probleemoplossingsproses• Gevolgtrekking, toesprake of enige ekstra inligting• Toets en Memorandum wat aan die res van die klas gegee is• Eie werk2. Daar is inligting ingehandig wat nie deel was van die opdrag nie.3. Die opdrag is op die meeste twee dae laat ingehandig	Opdrag half of verkeerd uitgevoer: <ol style="list-style-type: none">1. Daar is meer as drie van die volgende afwesig, of die dele wat ingehandig is, is onvoldoende of half:<ul style="list-style-type: none">• Portefeuilje leêr of plastiese sakkie• Klein toetsies uit 10• Probleemoplossingsproses• Gevolgtrekking, toesprake of enige ekstra inligting• Toets en Memorandum wat aan die res van die klas gegee is2. Die opdrag is meer as drie dae laat3. Dit is duidelik nie die leerder se eie werk nie4. Die inhoud is duidelik alles uit die klasnotas, of van iemand anders verkry.5. Die betrokke leerder is deur sy/haar groepelde geraporteer as iemand wat nie sy/haar deel gedoen het nie.
Verdien 2/4	Verdien 1/4



**Learning task developed by ██████████ to be implemented
during the second term at ██████████ High School in Grade 10
Biology.**

The Human Skeleton

Learning Area/ Discipline/ Subject: Life Science: Biology

Level or Phase: FET: Gr 10

Learning Outcomes and Assessment Standards

As set out in the "National Curriculum Statement Grades 10-12" for the Life Sciences.

(See document)

Problem put to learners:

At the back of the classroom is a drawing of the human skeleton for each co-operative group. The drawing may look strange to you because certain changes have been made to it by an Orthopedic Surgeon.

Your task as a group is to determine if these changes are an advantage or a disadvantage to people and what the implications of these changes are.

All the necessary information is on the hand-out.

Time allocation:

This LT is taught over 5 weeks. It starts on the 19th of April 2004 and ends on the 21st of May 2004 when these reports are handed in.

Groups do presentations in class , after which their peers are allowed to question them. During the next period a short test is written.

During a double period two groups are allowed to present and the tests are taken during the following days to give them time to prepare for the tests at home.

Learning Task Preparation:

As preparation for implementing the Lt, the class should be divided into co-operative learning groups (if no such groups exist yet).The following criteria are taken into account when forming groups: performance, gender, culture, and finally, by separating friends.

In each of the above categories, an effort is made to include as wide a variety in each group (heterogenous groups). Consider the previous semester marks when grouping according to performance.

The class is divided into more or less eight groups of four each. These numbers could differ, depending on the size of the class. Eight diagrams will be made available. If there are fewer groups, the additional diagrams may be made available to some of the stronger groups. Use own discretion.

Finally, group leaders should be given time to get to know each other. Use the rest of the period for this purpose. While learners are talking to each other, instruct them to appoint a representative. The representative draws the part of the skeleton to be studied by the group from a hat. This approach will not favour any group.

Class Organisation:

Learners take up position in the front of the lab till they start to work in their groups. When individual work is done, they are required to return to these positions in front of the lab. During this session no communication is allowed!

The diagrams to be studied by each group, are arranged at the back of the lab on the lab tables. Indicate clearly where each group needs to go.

Authentic learning conditions:

As this is an authentic problem, the learners are themselves and the facilitator her-/himself. No role play occurs and the solution to the problem is to the advantage of the learners themselves.

Sources:

- Diagrams
- Any resources from the classroom or provided by the learners, are allowed.

Final results of the Learning Task:

What is expected of each learner?

- The final product outcomes (see table)
- Process followed to solve the problem, in the form of a written report by each individual learner: see attached example.
- Knowledge gained: Sound knowledge of the complete section of the skeleton as set out in "Ken en Verstaan" for Grade 10, Chapter 9: Anatomie en Fisiologie van die mens – Steun en Voortbeweging, (Support and Movement). The following basic concepts are touched on and learners are expected to understand and to extend their knowledge:

The skeleton is divided into the Axial skeleton and the Appendicular skeleton. The axial skeleton consists of the skull, vertebral column, sternum and ribs. The



appendicular skeleton consists of the pectoral and pelvic girdle, as well as the upper and lower limbs.

Methods of assessment:

- Each group sets a 10mark test for the rest of the class members. (10)
- Weekly tests which are part of the school assessment plan.
- Outcomes achieved when problem is solved.
- Assessment of the written report handed in by each learner. This is assessed according to the attached rubric.

Please Note: *Refer to 'specifications' for clarity.*



Instructions , Specifications and Requirements

The problem as presented to the class:

A diagram of the human skeleton has been placed at the back of the lab for each co-operative learning group. The diagram may look different because it has been changed by an Orthopaedic Surgeon.

Your task is to determine if these changes are advantageous or detrimental to humans and what the implications of such changes might be.

Get to work!

Further instructions:

- During the first period each individual learner is expected to work on an action plan to solve the problem. Each learner will therefore return to his or her seat once they have studied the diagram and started thinking about a solution. Each learner will be given an individual diagram to study.
- Remember you have one period for this activity.
- From the next period groups work together to solve the problem. Remember the following.
 1. Each group will present their findings to the rest of the class.
 2. Each group member will have an opportunity to present.
 3. You should have a large labeled drawing of the section of the skeleton you worked on to enable the rest of the class to follow your presentation. You may use transparencies.
 4. You may use other resources for your presentation, provided you make prior arrangements.
 5. Attention will be given to the use of scientific facts as well as the use of correct biological terms.
 6. Remember to view the change in the skeleton in terms of the effect it would have on the whole body, not only on a selected part.
 7. Only the best is expected of each group and the facilitator has the right to insist on an improved version.
 8. At the end of each presentation, the other groups will be required to write comments on the presentation.
 9. Set a test.
 10. Submit a report for assessment.

Specifications of the test for peers:

- It is out of 10.
- The questions may have any mark allocation.
- Questions should be set on work covered in class and not on information obtained from other sources.
- I will moderate each test the day before it is written. Ensure that the test and memo are submitted in time. No test without a memo will be accepted.
- Tests on a particular section of work will be written the day after this section is completed and marked by the group who set the test.

How will the test be marked?

The tests are written at the beginning of each period. The responsible group collects the tests and redistributes them. Nobody is allowed to mark her own test!

The responsible group manages the marking of the test. They present the memo, take questions and explain where necessary.

Guidelines for evaluating the groups presenting:

1. Did they provide the necessary detailed information?
2. Did they comply with all the requirements as spelt out in this document?
3. Did they speak clearly?
4. Was the presentation informative?
5. Was the presentation creative and interesting?
6. Could the audience understand everything and could they answer the questions put to them?

This mark out of 6 will form part of the overall LT mark for each learner.

Specifications for the report:

- Your report must be submitted on the 21st of May 2004 during class. Under no circumstances will late submissions will be accepted.
- Each report is an individual report; nobody is allowed to work together.
- The report will be assessed using the attached rubric.
- Your report should include the following:
 1. Your full name and group.
 2. A full description of the process you followed to solve the problem.
 3. A detailed description of your group's conclusion. Include all the tests written in this part of the report.
 4. All the tests you wrote on the other presentations.
 5. A reference list.

Enjoy!



Rubric of Assessment of the final report

Human skeleton

Task fully completed:	Task satisfactorily completed:
<p>The following is complete and present:</p> <ul style="list-style-type: none">• Portfolio file or plastic bags• Short tests out of 10• Problem solving process• Conclusion, presentations or additional information• Test and Memorandum given to the rest of the class• Own work• Handed in on time	<p>ONLY one of the following absent or incomplete:</p> <ul style="list-style-type: none">• Portfolio file or plastic bags• Short tests out of 10• Problem solving process• Conclusion, presentations or additional information• Test and Memorandum given to the rest of the class• Own work• Handed in on time
4/4	3/4
Task unsatisfactory:	Task incomplete and incorrectly done:
<p>1.Two or more of the following absent or unsatisfactory:</p> <ul style="list-style-type: none">• Portfolio file or plastic bags• Short tests out of 10• Problem solving process• Conclusion, presentations or additional information• Test and Memorandum given to the rest of the class• Own work <p>2. Information included not part of the instruction.</p> <p>3. The task is handed in late (not more than two days late)</p>	<ol style="list-style-type: none">1. More than three of the following absent or unsatisfactory:<ul style="list-style-type: none">• Portfolio file or plastic bags• Short tests out of 10• Problem solving process• Conclusion, presentations or additional information• Test and Memorandum given to the rest of the class2. Task handed in more than three days late.3. It is clear that it is not the learners own work.4. Content only from class notes or from another learners5. Learner reported by her group members as not contributing.
2/4	1/4

Pages 39 and 40 in original document cover peer assessment



Bernice

39

Human Skeleton

PORTUURASSESSERING SELFASSESSERING		PEER ASSESSMENT SELF ASSESSMENT	D
DATUM: DATE: 20 April 2004	NAAM/NAME: Bernice	(Dui aan watter assessoring jy doen/Indicate which assessment it is?) PORTUURASSESSERING PEER ASSESSMENT SELFASSESSERING SELF ASSESSMENT	<input checked="" type="checkbox"/> <input type="checkbox"/>
LEERTAKNOMMER LEARNING TASK NUMBER: Menslike Skelet.		<input type="checkbox"/> <input checked="" type="checkbox"/>	
INISIERING VAN LEER INITIATING LEARNING			
INSTRUKSIE: INSTRUCTION:		Omkring syfer van die mees gesikte kommentaar Encircle number of most applicable comment	
	KRITERIA/CRITERIA		
Leerklimaat Learning climate	1 Suiwer fokus, relevant en hou direk met leeruitkomste verband Highly focused, relevant, related to learning outcome 2 Aandag vasgevang /Captivates attention 3 Poging aangewend, genotvol maar irrelevant vir leeruitkomste Attempt made, pleasurable but irrelevant to learning outcome 4 Geen poging om 'n leerklimaat te skep nie No attempt to setting a learning climate	1 <input checked="" type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Probleemstelling Posing a problem	1 Uitnemende probleemstelling,helder,relevant, dringend en uitdagend An exceptional problem, clear, relevant, challenging and urgent 2 Probleem relevant, uitdagend, dringend maar is nie helder geformuleer nie Problem relevant, challenging, urgent but lacks clarity 3 Probleem helder geformuleer, irrelevant, nie-uitdagend of dringend nie / Problem clear but lacks relevance, challenge and urgency 4 Geen probleem nie of wollerig / No problem stated or fuzzy	1 <input checked="" type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Bestuur van leer Learning management	1 Uiters georganiseerd en absolut relevant vir leerderaktiwiteite Highly organized, suitably relevant for learner activities 2 Goed georganiseer vir beperkte leerderaktiwiteite Well organized for limited learner activities 3 Organisasie kort meer ontwerp & beplanning vir leerderaktiwiteite Organisation needs more design & planning for learner activities 4 Min of geen organisasie of beplanning vir leerderaktiwiteite nie Little or no organization, nor planned learner activities	1 <input type="checkbox"/> 2 <input checked="" type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Leermedia Learning media	1 Opwindende,kreatiewe, relevante, geïntegreerde gebruik van leermedia & ander bronne / Exciting,original,relevant, integrated use of learning media & other resources 2 Relevante gebruik van leermedia en ander bronne Relevant use of learning media and other resources 3 Min gebruik/beperkte gebruik van leermedia en ander bronne Little/some use of learning media and other resources 4 Geen gebruik van leermedia of ander bronne nie No use of learning media and other resources	1 <input checked="" type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Koöperatiewe leer Cooperative learning	1 Hoogs effektiwe, suksesvoile gebruik van koöperatiewe leer Highly effective, successful use of cooperative learning 2 Redelike effektiwe gebruik van koöperatiewe leer Partially effective use of cooperative learning 3 Hanteer groepwerk en/of paarwerk Managed group and /or pair work 4 Geen koöperatiewe leer/groepwerk/paarwerk probeer nie Attempted no cooperative learning/group work or pair work	1 <input checked="" type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Leerder-betrokkenheid Learner involvement	1 Hele groep is hoogs geïnteresseerd, gemotiveerd, neem verantwoordelikheid vir eie leer / Total group involved, highly interested, motivated, takes responsibility for own learning 2 Sommige is by tye geïnteresseerd, /At times a few show an interest 3 Meeste is verveeld, stil en onbetrokken Many bored, quiet and uninvolved 4 Die klas is verveeld, buite beheer en lawaaierig Class is bored, unruly, noisy	1 <input checked="" type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Tydsbestuur Time management	1 Uitstekende tydsbestuur, uiters sensitief t.o.v leerders se behoeftes Excellentely paced, highly sensitive towards needs of learners 2 Goeie tydsbestuur, bewus van leerders se behoeftes Well paced, aware of learners' needs	1 <input type="checkbox"/> 2 <input checked="" type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	



	<p>3 Laat toe dat aandag afgetrok word, fokus op individuele leerders Allows distraction, focus is on individual learners' needs</p> <p>4 Mors tyd, te haastig, neem leerders se behoeftes glad nie in ag nie Wastes time, rushed, no awareness of learners' needs</p>				
Kommunikasie Communication	<p>1 Uitstekende taalgebruik, lewendig, entoesiasties, duidelik, hoorbaar, energiëk Exceptional language usage, vivid, enthusiastic, energetic, clear, audible</p> <p>2 Entoesiasties, energiek en duidelik verstaanbaar Enthusiastic, energetic, clear</p> <p>3 Duidelik en hoorbaar Clear and audible</p> <p>4 Oninspirerend, onduidelik, onseker, vervelend Inaudible, uninspiring, boring, insecure</p>	1	②	3	4

INSTANDHOUDING VAN LEER MAINTAINING LEARNING		KRITERIA / CRITERIA				
Moniteringsvaardighede Monitoring skills		<p>1 Daag leerders uit om met selfvertroue onafhanklik te dink / Challenges learners to be confident, independent thinkers</p> <p>2 Fokus op leerderdenke / Focused on learner thinking</p> <p>3 Geneig om antwoorde te gee / Tends to give solutions</p> <p>4 Maak leerders afhanklik en onseker / Makes learners dependent and insecure</p>	1	2	③	4
Hantering van terugvoer Managing feedback		<p>1 Luister met aandag, verstaan, gee uitdagende en logiese insette / Attentive listening, understanding, offers challenging, logical inferences</p> <p>2 Luister met aandag, gee erkenning, interpreteer die kernaspakte / Attentive listening, gives recognition, interprets main ideas</p> <p>3 Luister halfhartig, gee min erkenning, min of geen terugvoer / Listens with little attention, little recognition given, little or no feedback</p> <p>4 Bevooroordelde, veroordelende, afbrekende terugvoer / Biased, judgmental, derogatory feedback</p>	1	②	3	4
Skryf jou: Ontwikkelingsdoelwitte	Ek moet tyd meer effentiet gebruik!					
Write down your: Development targets						

Kommentaar/Comments:

Sien refleksies in die "Logbook" afdeling.

Geteken/ Signed

 (Self-assessment)



Bernice

60

Human Circulatory System

PORTUURASSESSERING SELFASSESSERING		PEER ASSESSMENT SELF ASSESSMENT	D
DATUM: DATE: 24 Mei 2004	NAAM/NAME: ██████████	(Dui aan watter assessering jy doen/Indicate which assessment it is?) PORTUURASSESSERING PEER ASSESSMENT <input type="checkbox"/> SELFASSESSERING SELF ASSESSMENT <input checked="" type="checkbox"/>	
LEERTAAKNOMMER LEARNING TASK NUMBER: 2	Sirkulasie + Hart		
INISIËERING VAN LEER INITIATING LEARNING			
INSTRUKSIE: INSTRUCTION:	Omkring syfer van die mees gesikte kommentaar Encircle number of most applicable comment		
KRITERIA/CRITERIA			
Leerklimaat Learning climate	1 Suiwer fokus, relevant en hou direk met leeruitkomste verband Highly focused, relevant, related to learning outcome 2 Aandag vasgevang /Captivates attention 3 Poging aangewend, genotvol maar irrelevant vir leeruitkomste Attempt made, pleasurable but irrelevant to learning outcome 4 Geen poging om 'n leerklimaat te skep nie No attempt to setting a learning climate	1 <input checked="" type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Probleemstelling Posing a problem	1 Uitnemende probleemstelling,helder,relevant, dringend en uitdagend An exceptional problem, clear, relevant, challenging and urgent 2 Probleem relevant, uitdagend, dringend maar is nie helder geformuleer nie Problem relevant, challenging, urgent but lacks clarity 3 Probleem helder geformuleer, irrelevant, nie-uitdagend of dringend nie / Problem clear but lacks relevance, challenge and urgency 4 Geen probleem nie of wollerig / No problem stated or fuzzy	1 <input checked="" type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Bestuur van leer Learning management	1 Utters georganiseerd en absoluut relevant vir leerderaktiwiteit Highly organized, suitably relevant for learner activities 2 Goed georganiseer vir beperkte leerderaktiwiteit Well organized for limited learner activities 3 Organisasie kort meer ontwerp & beplanning vir leerderaktiwiteit Organisation needs more design & planning for learner activities 4 Min of geen organisasie of beplanning vir leerderaktiwiteit nie Little or no organization, nor planned learner activities	1 2 <input checked="" type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Leermedia Learning media	1 Opwindende,kreatiewe, relevante, geïntegreerde gebruik van leermedia & ander bronne / Exciting,original,relevant, integrated use of learning media & other resources 2 Relevante gebruik van leermedia en ander bronne Relevant use of learning media and other resources 3 Min gebruik/beperkte gebruik van leermedia en ander bronne Little/some use of learning media and other resources 4 Geen gebruik van leermedia of ander bronne nie No use of learning media and other resources	1 <input checked="" type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Koöperatiewe leer Cooperative learning	1 Hoogs effektiwe, suksesvolle gebruik van koöperatiewe leer Highly effective, successful use of cooperative learning 2 Redelike effektiwe gebruik van koöperatiewe leer Partially effective use of cooperative learning 3 Hanteer groepwerk en/of paarwerk Managed group and /or pair work 4 Geen koöperatiewe leer/groepwerk/paarwerk probeer nie Attempted no cooperative learning/group work or pair work	1 <input checked="" type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Leerder-betrokkenheid Learner involvement	1 Hele groep is hoogs geïnteresseerd, gemotiveerd, neem verantwoordelikheid vir eie leer / Total group involved, highly interested, motivated, takes responsibility for own learning 2 Sommige is byt geïnteresseerd, /At times a few show an interest 3 Meeste is vervaeld, stil en onbetrokken Many bored, quiet and uninvolved 4 Die klas is vervaeld, buite beheer en lawaaierig Class is bored, unruly, noisy	1 <input type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	
Tydsbestuur Time management	1 Uitstekende tydsbestuur, uiters sensitief t.o.v leerders se behoeftes Excellently paced, highly sensitive towards needs of learners 2 Goeie tydsbestuur, bewus van leerders se behoeftes Well paced, aware of learners' needs	1 <input checked="" type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/>	



	3 Laat toe dat aandag afgetrek word, fokus op individuele leerders Allows distraction. focus is on individual learners' needs 4 Mors tyd, te haastig, neem leerders se behoeftes glad nie in ag nie Wastes time, rushed, no awareness of learners' needs				
Kommunikasie Communication	1 Uitstekende taalgebruik, lewendig, entoesiasties, duidelik, hoorbaar, energiëk Exceptional language usage, vivid, enthusiastic, energetic, clear, audible 2 Entoesiasties, energiek en duidelik verstaanbaar Enthusiastic, energetic, clear 3 Duidelik en hoorbaar Clear and audible 4 Oninspirerend, onduidelik, onseker, vervelend Inaudible, uninspiring, boring, insecure	1	(2)	3	4

INSTANDHOUDING VAN LEER MAINTAINING LEARNING		KRITERIA / CRITERIA				
Moniteringsvaardighede Monitoring skills	1 Daag leerders uit om met selfvertroue onafhanklik te dink / Challenges learners to be confident, independent thinkers 2 Fokus op leerderdenke / Focused on learner thinking 3 Geneig om antwoorde te gee / Tends to give solutions 4 Maak leerders afhanklik en onseker / Makes learners dependent and insecure	(1)	2	3	4	
Hantering van terugvoer Managing feedback	1 Luister met aandag, verstaan, gee uitdagende en logiese insette / Attentive listening, understanding, offers challenging, logical inferences 2 Luister met aandag, gee erkenning, interpreteer die kernaspekte / Attentive listening, gives recognition, interprets main ideas 3 Luister halfhartig, gee min erkenning, min of geen terugvoer / Listens with little attention, little recognition given, little or no feedback 4 Bevoordeelde, veroordelende, afbrekende terugvoer / Biased, judgmental, derogatory feedback	1	(2)	3	4	
Skryf jou: Ontwikkelingsdoelwitte Write down your: Development targets	<p>►</p>	Ek wens ek hoef nie op ander mense staan te staan om alles gereed te kry nie! Alles was laai! Ek sal in die vervolg weke vooruit begin!				

Kommentaar/Comments:


sien refleksies in "Logbook" afdeling

Geteken/ Signed

(Self-assessment)



Bernice (Mentor)



University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
ONDERWYS- EN OPLEIDINGSPRAKTYK
EDUCATION AND TRAINING PRACTICE

KONSEP

58

A

Mnr/Mej/Mev

Mr/Miss/Mrs.

Plek

Venue

Handtekening

Signature.....

KURSUS COURSE	PGCE
------------------	------

Studentenommer

Student Number.....

Tema

Theme Die Hart

Datum

Date.....

Punt

Date..... Mark allocated

651

ONDERWYS- EN OPLEIDINGSPRAKTYK
EDUCATION AND TRAINING PRACTICE

Mnr/Mej/Mev

Studentenommer

Mr/Miss/Mrs.

Student Number.....

Guidelines for observations:

DESIGN	Initiating learning	FACILITATING LEARNING	
Does the written submission reflect adequate planning i.t.o.: Design? Cross-curricular integration? References? Learning outcomes specified	Are the actions successful? Which actions are successful in challenging learners to learn? Why? Is the stated problem a challenge? How was the learning climate created? Is there evidence of energy, enthusiasm?	Involvement in learning. Are all the learners involved, interested and keen to participate? If not why not? How is it visible?	How is learning sustained and managed? How does the facilitator support learning? How are special learning needs being dealt with? How does the educator react to behaviour?

(Use the above criteria)

Replanning → goede LTO

→ Alle uitkomste + assessmentskriteria goed

uiteengesit

1. FOL entoesiasies → Leerders nogal rasierig gewees totdat probleem gegee is.
2. Goeie intelekende vrae aan hulle gegee
3. Goeie interaksie tussen FOL + leerders
4. Leerders nie heeltemal sêter wat hul moet doen nie.
5. Gee bietjie meer acindag aan dissipline → maak leerders stil en sorg dat almal luister.
6. Kyk mooi dat alle leerders werk en nie gesels aar ander ding nie.
7. Kyk dat leerders eers self die probleem oplos - man daar inet doodse scilte wees.
8. Probleem is goed en ook uitdagend → leerders word gedwing om navorsing te doen.

Summary statement: Indicate your assessment of the quality of the learning opportunity

1 75+	Very good with out- standing features	2 68+	Good, with no significant weaknesses	3 60+	Adequate, but requires significant improvement	4 .55	Poor quality. Does not meet standards
----------	------------------------------------------	----------	-----------------------------------------	----------	---------------------------------------------------	----------	------------------------------------------

Matters that require particular attention

Dissipline

Handtekening

Signature.....

Datum

Date.....

Punt

Mark allocated



B██████████ 21094332

FCL

1

Konsep kaart

